# Die Heidelbergse Kategismus

*Hierdie Belydenisskrif het in 1563 te Heidelberg, Duitsland, ontstaan. Op versoek van keurvors Frederick III van die Paltz is dit as 'n leerboek (om te onderrig) en as 'n troosboek deur 'n kommissie van Heidelbergse teoloë opgestel. Dit is baie gou wye instemming gevind. Verskeie sinodes van die 16de eeu en ook die Nasionale Sinode van Dordtrecht (1618-1619) het dit as een van die Belydenisskrifter van die Gereformeerde Kerke aanvaar.*

## SONDAG: 1 - VRAAG EN ANTWOORD: 1

Vraag: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?

Antwoord: Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe[1] nie aan myself nie[2], maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort[3]. Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal[4] en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos[5]. Hy bewaar[6] my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie[7]. Alles moet inderdaad tot my saligheid dien[8]. Daarom verseker[9] Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe[10].

Skriffundering

1. Romeine 14:8; 1 Tessalonisense 5:9-10
2. 1 Korintiërs 6:19
3. 1 Korintiërs 3:23; Titus 2:14
4. 1 Petrus 1:18-19; 1 Johannes 1:7; 1 Johannes 2:2; 1 Johannes 2:12
5. Johannes 8:34-36; 1 Johannes 3:8; Hebreërs 2:14
6. Johannes 6:39; Johannes 10:27-30; 2 Tessalonisense 3:3; 1 Petrus 1:5
7. Matteus 10:30; Lukas 21:18
8. Romeine 8:28
9. Romeine 8:16; 2 Korintiërs 1:22; 2 Korintiërs 5:5; Efesiërs 1:13-14
10. Romeine 8:14; 1 Johannes 3:3

## Sondag: 1 - VRAAG EN ANTWOORD: 2

Vraag: Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe?

Antwoord: Drie dinge[1]: Ten eerste, hoe groot my sonde en ellende is[2]; ten tweede; hoe ek van al my sonde en ellende verlos word[3] en ten derde hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees[4].

Skriffundering

1. Matteus 11:28-30; Efesiërs 5:8
2. Matteus 9:12; Johannes 9:41; Romeine 3:10; 1 Johannes 1:9-10
3. Lukas 24:46-47; Johannes 17:3; Handelinge 4:12; Handelinge 10:43; 1 Korintiërs 6:11; Titus 3:3-7
4. Psalm 50:14-15; Psalm 116:12-13; Matteus 5:16; Romeine 6:12-13; Efesiërs 5:10; 2 Timoteus 2:15; 1 Petrus 2:9; 1 Petrus 2:12

## Sondag: 2 - VRAAG EN ANTWOORD: 3

Vraag: Waaruit ken jy jou ellende?

Antwoord: Uit die wet van God[1].

Skriffundering

1. Romeine 3:20

## Sondag: 2 - VRAAG EN ANTWOORD: 4

Vraag: Wat eis die wet van God van ons?

Antwoord: Dit leer Christus ons samevattend in Matteus 22:37-40: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelyk staan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete[1].

Skriffundering

1. Levitikus 19:18; Deuteronomium 6:5; Matteus 22:37-40; Markus 12:30; Lukas 10:27

## Sondag:2 - VRAAG EN ANTWOORD: 5

Vraag: Kan jy dit alles ten volle nakom?

Antwoord: Nee[1], want ek is van nature geneig om God en my naaste te haat[2].

Skriffundering

1. Romeine 3:10; Romeine 3:20; Romeine 3:23; 1 Johannes 1:8; 1 Johannes 1:10
2. Genesis 6:5; Genesis 8:21; Jeremia 17:9; Romeine 7:23; Romeine 8:7; Efesiërs 2:3; Titus 3:3

## Sondag: 3 - VRAAG EN ANTWOORD: 6

Vraag: Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?

Antwoord: Nee, God het die mens goed[1] en na sy ewebeeld geskep[2]. Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys[3].

Skriffundering

1. Genesis 1:31
2. Genesis 1:26-27
3. 2 Korintiërs 3:18; Efesiërs 4:24; Kolossense 3:10

## Sondag: 3 - VRAAG EN ANTWOORD: 7

Vraag: Waar kom hierdie verdorwe natuur van mens dan vandaan?

Antwoord: Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys[1]. Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word[2].

Skriffundering

1. Genesis 3; ; Romeine 5:12; Romeine 5:18-19
2. Genesis 5:3; Psalm 51:7

## Sondag: 3 - VRAAG EN ANTWOORD: 8

Vraag: Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is?

Antwoord: Ja[1], behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word[2].

Skriffundering

1. Genesis 6:5; Genesis 8:21; Job 14:4; Job 15:14; Job 15:16; Job 15:35; Jesaja 53:6; Johannes 3:6; Titus 3:3
2. Johannes 3:3; Johannes 3:5; 1 Korintiërs 12:3; 2 Korintiërs 3:5

## Sondag: 4 - VRAAG EN ANTWOORD: 9

Vraag: Doen God die mens dan nie onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie?

Antwoord: Nee, [1] want God het die mens so geskep dat hy dit kon doen. [2] Maar die mens het homself en sy hele nageslag as gevolg van die aanhitsing van die duiwel[3] en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof.

Skriffundering

1. Genesis 1:26-27; Efesiërs 4:24
2. Genesis 3:13; 1 Timoteus 2:13-14
3. Genesis 3:4-6.; Romeine 5:12

## Sondag:4 - VRAAG EN ANTWOORD: 10

Vraag: Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?

Antwoord: Nee, glad nie; inteendeel, sy toorn is verskriklik[1] sowel oor die erfsonde as oor die sonde wat ons self doen: Hy wil dit in die tyd en in die ewigheid met 'n regverdige oordeel straf [2]. Hy het immers gesê: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie[3].

Skriffundering

1. Genesis 2:17
2. Eksodus 20:5; Eksodus 34:7; Psalm 5:6; Psalm 50:21; Nahum 1:2; Romeine 1:18; Efesiërs 5:6; Hebreërs 9:27
3. Deuteronomium 27:26; Galasiërs 3:10

## Sondag:4 - VRAAG EN ANTWOORD: 11

Vraag: Is God dan nie ook barmhartig nie?

Antwoord: God is wel barmhartig; [1] maar Hy is ook regverdig. [2] Daarom eis sy geregtigheid dat die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God gedoen is; ook met die swaarste straf gestraf moet word - dit is met die ewige straf aan liggaam en siel.

Skriffundering

1. Eksodus 34:6-7; Eksodus 20:6
2. Eksodus 20:5; Eksodus 23:7; Eksodus 34:7; Psalm 5:5-6; Psalm 7:10; Nahum 1:2-3

## Sondag:5 - VRAAG EN ANTWOORD: 12

Vraag: Aangesien ons volgens die regverdige oordeel van God die tydelike en ewige straf verdien het, hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word?

Antwoord: God wil dat daar aan sy geregtigheid voldoen word. [1] Daarom moet ons òf deur onsself òf deur 'n ander ten volle betaal[2]

Skriffundering

1. Genesis 2:7; Eksodus 20:5; Eksodus 23:7; Esegiël 18:4; Lukas 16:2; 2 Tessalonisense 1:6
2. Matteus 5:26; Romeine 8:3-4

## Sondag:5 - VRAAG EN ANTWOORD: 13

Vraag: Kan ons deur onsself betaal?

Antwoord: Nee, glad nie; ons maak juis ons skuld elke dag nog groter[1].

Skriffundering

1. Job 4:18-19; Job 9:2; Job 15:15-16; Psalm 130:3; Matteus 6:12; Matteus 16:26; Matteus 18:25

## Sondag:5 - VRAAG EN ANTWOORD: 14

Vraag: Kan enige ander skepsel vir ons betaal?

Antwoord: Nee, want ten eerste wil God aan geen ander skepsel die skuld straf wat die mens gemaak het nie[1]. Ten tweede kan geen gewone skepsel die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsels daarvan verlos nie[2].

Skriffundering

1. Genesis 3:17; Esegiël 18:4
2. Psalm 130:3; Nahum 1:6

## Sondag:5 - VRAAG EN ANTWOORD: 15

Vraag: Hoe 'n middelaar en verlosser moet ons dan soek?

Antwoord: So een wat 'n ware[1] en regverdige[2] mens is, maar nogtans ook sterker as alle skepsels is, dit wil sê wat terselfdertyd ware God is[3].

Skriffundering

1. 1 Korintiërs 15:21
2. Hebreërs 7:26
3. Jesaja 7:14; Jesaja 9:5; Jeremia 23:6; Lukas 11:22; Romeine 8:3-4

## Sondag:6 - VRAAG EN ANTWOORD: 16

Vraag: Waarom moet hy 'n ware en regverdige mens wees?

Antwoord: Omdat die geregtigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal[1]. Maar die mens wat self sondaar is, kan nie vir ander betaal nie[2].

Skriffundering

1. Jesaja 53:4-5; Jeremia 33:15; Esegiël 18:4; Esegiël 18:20; Romeine 5:18; 1 Korintiërs 15:21; Hebreërs 2:14-16
2. Psalm 49:8; Hebreërs 7:26-27; 1 Petrus 3:18

## Sondag:6 - VRAAG EN ANTWOORD: 17

Vraag: Waarom moet hy terselfdertyd ware God wees?

Antwoord: Om deur die krag van sy Godheid[1] die las van die toorn van God[2] aan sy mensheid te kon dra[3] en vir ons die geregtigheid en die lewe te kan verwerf en teruggee[4].

Skriffundering

1. Jesaja 9:5; Jesaja 63:3; Romeine 1:4; Hebreërs 1:3
2. Deuteronomium 4:24; Psalm 130:3; Nahum 1:6
3. Jesaja 53:4; Jesaja 53:11
4. Jesaja 53:5; Jesaja 53:11; Jesaja 54:8; Johannes 3:16; Handelinge 20:28; 1 Petrus 3:18

## Sondag:6 - VRAAG EN ANTWOORD: 18

Vraag: Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God[1] en ware[2] regverdige mens is[3]?

Skriffundering

1. Jesaja 9:6; Jeremia 23:6; Maleagi 3:1; Romeine 8:3; Romeine 9:5; Galasiërs 4:4; 1 Johannes 5:20
2. Lukas 1:42; Lukas 2:6-7; Romeine 1:3; Romeine 9:5; Filippense 2:7; Hebreërs 2:14; Hebreërs 2:16-17; Hebreërs 4:15
3. Jesaja 53:9; Jesaja 53:11; Jeremia 23:5; Lukas 1:35; Johannes 8:46; Hebreërs 4:15; Hebreërs 7:26; 1 Petrus 1:19; 1 Petrus 2:22; 1 Petrus 3:18

Antwoord: Ons Here Jesus Christus[4], wat God vir ons tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing gegee het[5].

Skriffundering

1. Matteus 1:23; Lukas 2:11; Johannes 1:1; Johannes 1:14; Johannes 1:18; Johannes 14:6; Romeine 9:5; 1 Timoteus 2:5; 1 Timoteus 3:16; Hebreërs 2:9
2. 1 Korintiërs 1:30; 2 Korintiërs 5:21

## Sondag:6 - VRAAG EN ANTWOORD: 19

Vraag: Waaruit weet jy dit?

Antwoord: Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het[1]. Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders[2] en profete[3] laat verkondig en deur die offers en ander seremonies van die wet laat uitbeeld[4]; Eindelik het Hy dit deur sy eniggebore Seun vervul[5].

Skriffundering

1. Genesis 3:15
2. Genesis 12:3; Genesis 22:18; Genesis 26:4; Genesis 49:10
3. Jesaja 42:1-4; Jesaja 43:25; Jesaja 49:5-6; Jesaja 49:22; Jesaja 53; Jeremia 23:5-6; Jeremia 31:32-33; Jeremia 32:39-41; Miga 7:18-20; Johannes 5:46; Handelinge 3:22-24; Handelinge 10:43; Romeine 1:2; Hebreërs 1:1
4. Johannes 5:46; Kolossense 2:7; Hebreërs 10:1; Hebreërs 10:7
5. Romeine 10:4; Galasiërs 3:24; Galasiërs 4:4-5; Kolossense 2:17

## Sondag:7 - VRAAG EN ANTWOORD: 20

Vraag: Word al die mense dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verlore gegaan het?

Antwoord: Nee[1]; maar slegs die wat deur 'n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem[2].

Skriffundering

1. Matteus 7:14; Matteus 22:14
2. Psalm 2:12; Jesaja 53:11; Markus 16:16; Johannes 1:12-13; Johannes 3:16; Johannes 3:18; Johannes 3:36; Romeine 3:22; Romeine 11:20; Hebreërs 4:2-3; Hebreërs 5:9; Hebreërs 10:39; Hebreërs 11:6

## Sondag:7 - VRAAG EN ANTWOORD: 21

Vraag: Wat is 'n ware geloof?

Antwoord: 'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie[1], maar ook 'n vaste vertroue[2] wat die Heilige Gees[3] deur die evangelie in my hart werk[4], naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus[5] vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het[6].

Skriffundering

1. 1 Samuel 2:3; Job 36:3-4; Psalm 119:66; Spreuke 2:1-9; Spreuke 8:10; 2 Korintiërs 2:14
2. Psalm 9:11; Romeine 4:18-21; Romeine 10:10; Efesiërs 3:12; Hebreërs 4:16; Hebreërs 11:1; Hebreërs 11:7; Jakobus 1:6
3. Matteus 16:17; Johannes 3:5; Johannes 6:29; Handelinge 16:14; 2 Korintiërs 4:13; Galasiërs 5:22; Efesiërs 2:8; Filippense 1:19
4. Handelinge 10:44; Handelinge 16:14; Romeine 1:16; Romeine 10:17; 1 Korintiërs 1:21
5. Lukas 1:77-78; Handelinge 10:43; Romeine 3:24; Romeine 5:19; Efesiërs 2:8
6. Habakuk 2:4; Romeine 1:17; Galasiërs 2:16; Galasiërs 3:11; Hebreërs 10:10; Hebreërs 10:38

## Sondag:7 - VRAAG EN ANTWOORD: 22

Vraag: Wat moet 'n Christen glo?

Antwoord: Alles wat in die evangelie aan ons beloof word[1] en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer.

1. Matteus 28:19; Markus 1:15; Johannes 20:31

## Sondag:7 - VRAAG EN ANTWOORD: 23

Vraag: Hoe lui die artikels?

Antwoord:

(1) Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.

(2) En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;

(3) wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria;

(4) wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is. Hy het die lyding van die hel ondergaan*.

(5) Hy het op die derde dag weer opgestaan het uit die dood;

(6) opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,

(7) waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.

(8) Ek glo in die Heilige Gees.

(9) Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;

(10) die vergewing van sondes;

(11) die opstanding van die liggaam

(12) en 'n ewige lewe.

* Letterlik: en neergedaal het na die hel.

## Sondag:8 - VRAAG EN ANTWOORD: 24

Vraag: Hoe word hierdie artikels ingedeel?

Antwoord: In drie dele: die eerste handel oor God die Vader en ons skepping; die tweede oor God die Seun en ons verlossing; die derde oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking.

## Sondag:8 - VRAAG EN ANTWOORD: 25

Vraag: Terwyl daar maar tog net een, enige Goddelike Wese is, waarom praat jy van drie, naamlik die Vader, Seun en Heilige Gees? [1]

1. Deuteronomium 6:4; Jesaja 44:6; Jesaja 45:5; 1 Korintiërs 8:4-6; Efesiërs 4:4-6

Antwoord: Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het[2] dat hierdie drie onderskeie Persone die enige, ware en ewige God is.

Skriffundering

1. Genesis 1:2-3; Psalm 33:6; Jesaja 6:1; Jesaja 6:3; Jesaja 48:16; Jesaja 6:1; Matteus 3:16-17; Matteus 28:19; Lukas 4:18; Johannes 14:26; Johannes 15:26; 2 Korintiërs 13:13; Galasiërs 4:6; Efesiërs 2:18; Titus 3:5-6; 1 Johannes 5:7-8

## Sondag:9 - VRAAG EN ANTWOORD: 26

Vraag: Wat glo jy as jy sê: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde?

Antwoord: Ek glo dat die ewige Vader van ons Here Jesus Christus wat die hemel en aarde met alles wat daarin is, uit niks geskep het[1] en deur sy ewige raad en voorsienigheid nog onderhou en regeer[2], ter wille van sy Seun Christus my God en Vader is[3]. Op Hom vertrou ek so dat ek nie daaraan twyfel dat Hy my, met alles wat vir liggaam en siel nodig is, sal versorg nie[4]. Hy sal ook al die kwaad wat Hy in hierdie jammerdal oor my beskik, tot my beswil verander[5], omdat Hy dit as 'n almagtige God kan[6] en ook as 'n getroue Vader wil doen[7].

Skriffundering

1. Genesis 1:1; Genesis 2:3; Eksodus 20:11; Nehemia 9:6; Job 33:4; Job 38, 39;; Psalm 33:6; Jesaja 40:26; Jesaja 45:7; Handelinge 4:24; Handelinge 14:15
2. Psalm 104:27-30; Psalm 115:3; Matteus 10:29-30; Romeine 11:36; Efesiërs 1:11; Hebreërs 1:3
3. Johannes 1:12; Romeine 8:15; Galasiërs 4:5-7; Efesiërs 1:5
4. Psalm 55:23; Matteus 6:25-26; Lukas 12:22-24
5. Romeine 8:28
6. Jesaja 46:4; Romeine 8:37-39; Romeine 10:12
7. Matteus 6:32-33; Matteus 7:9-11

## Sondag 10 - VRAAG EN ANTWOORD: 27

Vraag: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?

Antwoord: Die almagtige en oralteenwoordige krag van God[1] waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer[2] dat lower en gras, reën en droogte, [3] vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte, [4] rykdom en armoede[5] en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom. [6]

Skriffundering

1. Jesaja 29:15-16; Jeremia 23:23-24; Esegiël 8:12; Handelinge 17:25-28
2. Hebreërs 1:3
3. Jeremia 5:24; Handelinge 14:17
4. Johannes 9:3
5. Spreuke 22:2
6. Spreuke 16:33; Matteus 10:29

## Sondag:10 - VRAAG EN ANTWOORD: 28

Vraag: Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?

Antwoord: Dat ons in alle teëspoed geduldig[1] en in voorspoed dankbaar[2] kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertroue in ons getroue God en Vader[3] kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie[4], aangesien alle skepsels so in sy hand is dat hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie[5].

Skriffundering

1. Job 1:21-22; Psalm 39:10; Romeine 5:3; Jakobus 1:3
2. Deuteronomium 8:10; 1 Tessalonisense 5:18
3. Psalm 55:23; Romeine 5:4
4. Romeine 8:38-39
5. Job 1:12; Job 2:6; Spreuke 21:1; Handelinge 17:25-28

## Sondag:11 - VRAAG EN ANTWOORD: 29

Vraag: Waarom word die Seun van God genoem: Jesus, wat Verlosser beteken?

Antwoord: Omdat Hy ons van al ons sondes verlos[1] en by niemand anders enige saligheid te soek of te kry is nie[2].

Skriffundering

1. Matteus 1:21; Hebreërs 7:25
2. Jesaja 43:11; Johannes 15:4-5; Handelinge 4:12; 1 Timoteus 2:5; 1 Johannes 5:11-12

## Sondag: 11 - VRAAG EN ANTWOORD: 30

Vraag: Glo die mense wat hulle saligheid en heil by die heiliges, by hulleself of iewers anders soek, ook in die enigste Verlosser, Jesus?

Antwoord: Nee, maar hulle verloën met die daad die enigste Verlosser as Heiland, Jesus, alhoewel hulle met die mond in Hom roem[1]. Slegs een van twee dinge is immers moontlik: of Jesus is nie 'n volkome Verlosser nie, of die wat hierdie Verlosser met 'n ware geloof aanneem, het in Hom alles wat vir hulle saligheid nodig is[2].

Skriffundering

1. 1 Korintiërs 1:13; 1 Korintiërs 1:30-31; Gal 5:4..
2. Jesaja 9:6; Kolossense 1:19-20; Kolossense 2:10; Hebreërs 12:2; 1 Johannes 1:7

## Sondag: 12 - VRAAG EN ANTWOORD: 31

Vraag: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?

Antwoord: Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is[1] tot ons hoogste Profeet en Leraar[2], wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het[3]; tot ons enigste Hoëpriester[4], wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het[5] en met sy voorbidding gedurigdeur by die Vader vir ons intree[6]; tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar[7].

Skriffundering

1. Psalm 45:8; Jesaja 61:1; Lukas 4:18; Handelinge 10:38; Hebreërs 1:9

2. Deuteronomium 18:15; Jesaja 55:4; Handelinge 26:22; Handelinge 7:37
3. Johannes 1:18; Johannes 15:15; Handelinge 3:22
4. Psalm 110:4; Hebreërs 7:21
5. Hebreërs 9:12; Hebreërs 9:14; Hebreërs 9:28; Hebreërs 10:12; Hebreërs 10:14
6. Romeine 5:9-10; Romeine 8:34; Hebreërs 9:24; 1 Johannes 2:1
7. Psalm 2:6; Sagaria 9:9; Matteus 21:5; Matteus 28:18; Lukas 1:33; Johannes 10:28; Openbaring 12:10-11

## Sondag: 12 - VRAAG EN ANTWOORD: 32

Vraag: Waarom word jy 'n Christen genoem? [1]

Skriffundering

Skriffundering

1. Handelinge 11:26

Antwoord: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is[2] en daardeur deel aan sy salwing het[3] sodat ek sy Naam kan bely[4], myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy[5] en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry[6] en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer[7].

Skriffundering

1. 1 Korintiërs 6:15
2. Handelinge 2:17; 1 Johannes 2:27
3. Matteus 10:32; Romeine 10:10
4. Romeine 12:1; 1 Petrus 2:5; 1 Petrus 2:9; Openbaring 1:6; Openbaring 5:8; Openbaring 5:10
5. Romeine 6:12-13; Galasiërs 5:16-17; Efesiërs 6:11; 1 Timoteus 1:18-19; 1 Petrus 2:11
6. Matteus 25:34; 2 Timoteus 2:12; Openbaring 22:5

## Sondag: 13 - VRAAG EN ANTWOORD: 33

Vraag: Waarom word Christus die eniggebore Seun van God genoem terwyl ons tog ook kinders van God is?

Antwoord: Omdat alleen Christus die ewige natuurlike Seun van God is[1], terwyl ons om sy ontwil uit genade tot kinders van God aangeneem is[2].

Skriffundering

1. Johannes 1:14; Johannes 1:18; Johannes 3:16; Romeine 8:32; Hebreërs 1:1-2; 1 Johannes 4:9
2. Johannes 1:12-13; Romeine 8:15-17; Galasiërs 4:6; Efesiërs 1:5-6

## Sondag: 13 - VRAAG EN ANTWOORD: 34

Vraag: Waarom noem jy Hom ons Here?

Antwoord: Omdat Hy ons na liggaam en siel van die sondes en uit alle heerskappy van die duiwel nie met goud of silwer nie maar met sy kosbare bloed tot sy eiendom verlos en vrygekoop het[1].

Skriffundering

1. Johannes 20:28; 1 Korintiërs 6:20; 1 Korintiërs 7:23; 1 Timoteus 2:6; 1 Petrus 1:18-19; 1 Petrus 2:9

## Sondag: 14 - VRAAG EN ANTWOORD: 35

Vraag: Wat beteken: wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria?

Antwoord: Dat die ewige Seun van God, wat ware en ewige God is[1] en bly[2], die ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria[3] deur die werking van die Heilige Gees aangeneem het[4]. So is Hy tegelykertyd die ware nakomeling van Dawid[5], in alles aan sy broers gelyk[6], behalwe die sonde[7].

Skriffundering

1. Johannes 1:1; Johannes 17:3; Romeine 1:3; Kolossense 1:15; 1 Johannes 5:20
2. Romeine 9:5
3. Lukas 1:31; Lukas 1:42-43; Galasiërs 4:4
4. Matteus 1:18; Matteus 1:20; Lukas 1:35
5. 2 Samuel 7:12; Psalm 132:11; Matteus 1:1; Lukas 1:32; Handelinge 2:30; Romeine 1:3
6. Filippense 2:7; Hebreërs 2:14; Hebreërs 2:17
7. Hebreërs 4:15; Hebreërs 7:26-27

## Sondag: 14 - VRAAG EN ANTWOORD: 36

Vraag: Watter nut verkry jy uit die heilige ontvangenis en geboorte van Christus?

Antwoord: Dat Hy ons Middelaar is[1], en met sy onskuld en volkome heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor God bedek[2].

Skriffundering

1. 1 Timoteus 2:5; Hebreërs 2:16-18; Hebreërs 7:26-27
2. Psalm 32:1; Jesaja 53:11; Romeine 8:3-4; 1 Korintiërs 1:30-31; Galasiërs 4:4-5; 1 Petrus 1:18-19; 1 Petrus 3:18

## Sondag: 15 - VRAAG EN ANTWOORD: 37

Vraag: Wat verstaan jy onder die woordjie: gely?

Antwoord: Dat Christus na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra het[1]. So het Hy met sy lyding as die enigste versoeningsoffer[2] ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis verlos[3] en vir ons die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe verwerf[4].

Skriffundering

1. Jesaja 53:4; Jesaja 53:12; 1 Timoteus 2:6; 1 Petrus 2:24; 1 Petrus 3:18
2. Jesaja 53:10; Romeine 3:25; 1 Korintiërs 5:7; Efesiërs 5:2; Hebreërs 9:28; Hebreërs 10:14; 1 Johannes 2:2; 1 Johannes 4:10
3. Galasiërs 3:13; Kolossense 1:13; Hebreërs 9:12; 1 Petrus 1:18-19
4. Johannes 3:16; Johannes 6:51; Romeine 3:25; 2 Korintiërs 5:21; Hebreërs 9:15; Hebreërs 10:19

## Sondag: 15 - VRAAG EN ANTWOORD: 38

Vraag: Waarom het Hy onder die regter Pontius Pilatus gely?

Antwoord: Sodat Hy onskuldig deur die wêreldlike regter veroordeel sou word[1] en ons daardeur sou bevry van die streng oordeel van God wat oor ons moes kom[2].

Skriffundering

1. Matteus 27:24; Lukas 23:14-15; Johannes 18:38; Johannes 19:4; Johannes 19:11
2. Psalm 69:5; Jesaja 53:4-5; 2 Korintiërs 5:21; Galasiërs 3:13

## Sondag: 15 - VRAAG EN ANTWOORD: 39

Vraag: Sit daar iets meer in dat Christus juis gekruisig is en nie op 'n ander manier gesterf het nie:

Antwoord: Ja, want daardeur is ek seker dat Hy die vervloeking wat op my gerus het, op Hom geneem het[1], omdat die kruisdood deur God vervloek is[2].

Skriffundering

1. Galasiërs 3:13
2. Deuteronomium 21:23

## Sondag: 16 - VRAAG EN ANTWOORD: 40

Vraag: Waarom was dit noodsaaklik dat Christus Hom tot in die dood toe verneder het?

Antwoord: Weens die geregtigheid en waarheid van God[1] kon nie anders as deur die dood van die Seun van God vir ons sondes betaal word nie[2].

Skriffundering

1. Genesis 2:17
2. Romeine 8:3-4; Filippense 2:6-8; Hebreërs 2:9; Hebreërs 2:14-15

## Sondag: 16 - VRAAG EN ANTWOORD: 41

Vraag: Waarom is Hy begrawe?

Antwoord: Om daarmee die versekering te gee dat Hy werklik gesterf het[1]

Skriffundering

1. Matteus 27:59-60; Lukas 23:53; Johannes 19:38; Handelinge 13:29; 1 Korintiërs 15:3-4

## Sondag: 16 - VRAAG EN ANTWOORD: 42

Vraag: As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons ook nog sterwe?

Antwoord: Ons dood is nie 'n betaling vir ons sondes nie[1], maar slegs 'n afsterwe van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe[2].

Skriffundering

1. Psalm 49:8; Markus 8:37
2. Johannes 5:24; Romeine 7:24; Filippense 1:23

## Sondag: 16 - VRAAG EN ANTWOORD: 43

Vraag: Watter nut verkry ons nog verder uit die offer en dood van Christus aan die kruis?

Antwoord: Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe[1]. Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie[2], maar kan ons onsself as 'n dankoffer aan Hom toewy[3].

Skriffundering

1. Romeine 6:6
2. Romeine 6:8-12
3. Romeine 12:1

## Sondag: 16 - VRAAG EN ANTWOORD: 44

Vraag: Waarom volg daar: Hy het die lyding van die hel ondergaan - letterlik: en neergedaal het na die hel?

Antwoord: Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus my van die hel se benoudheid en pyn verlos het[1]. Hierdie verlossing het Hy bewerk deur sy onuitspreeklike angs, smarte en verskrikking[2] wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe, maar veral aan die kruis gely het.

Skriffundering

1. Jesaja 53:5
2. Psalm 18:5-6; Psalm 116:3; Matteus 26:38; Matteus 27:46; Hebreërs 5:7

## Sondag: 17 - VRAAG EN ANTWOORD: 45

Vraag: Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak. [1] Ten tweede word ons nou ook deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek. [2] Ten derde is die opstanding van Christus vir ons n betroubare waarborg van ons salige opstanding. [3]

Skriffundering

1. Romeine 4:25; 1 Korintiërs 15:16-18; 1 Petrus 1:3
2. Romeine 6:4; Efesiërs 2:4-6; Kolossense 3:1-3
3. Romeine 8:11; 1 Korintiërs 15:20-21

## Sondag: 18 - VRAAG EN ANTWOORD: 46

Vraag: Wat verstaan jy onder: wat opgevaar het na die hemel?[1]

Antwoord: Christus is voor die oë van sy dissipels van die aarde af na die hemel opgeneem[2] en Hy is vir ons daar ten goede[3] totdat Hy terugkom om reg te spreek oor die lewendes en die wat alreeds gesterf het

Skriffundering

1. Markus 16:19; Lukas 24:51; Handelinge 1:9
2. Romeine 8:34; Efesiërs 4:10; Kolossense 3:1; Hebreërs 4:14; Hebreërs 9:24
3. Matteus 24:30; Handelinge 1:11

## Sondag: 18 - VRAAG EN ANTWOORD: 47

Vraag: Is Christus dan nie by ons tot die einde van die wêreld soos Hy ons beloof het nie?[1]

Antwoord: Christus is ware mens en ware God. Wat sy menslike natuur betref, is Hy nie meer op aarde nie[2], maar wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit meer van ons af weg nie[3].

Skriffundering

1. Matteus 28:20
2. Matteus 26:11; Johannes 16:28; Johannes 17:11; Handelinge 3:21; Hebreërs 8:4
3. Matteus 28:20; Johannes 14:16-18

## Sondag: 18 - VRAAG EN ANTWOORD: 48

Vraag: Maar as die mensheid nie oral is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?

Antwoord: Nee, glad nie. Die Godheid kan immers deur niks ingeperk word nie en is orals teenwoordig[1]. Hieruit moet volg dat die Godheid wel buite sy aangenome mensheid[2].

Skriffundering

1. Jeremia 23:24; Handelinge 7:49
2. Matteus 28:6; Johannes 3:13; Johannes 11:15; Kolossense 2:9

## Sondag: 18 - VRAAG EN ANTWOORD: 49

Vraag: Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste dat Hy in die hemel ons Voorspraak by die Vader is. [1] Ten tweede dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy, as die Hoof; ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem. [2] Ten derde dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur[3] deur wie se krag ons soek na wat daar bo is, waar Christus is en aan die regterhand van God sit, en nie na wat op die aarde is nie. [4]

Skriffundering

1. Romeine 8:34; 1 Johannes 2:1
2. Johannes 14:2; Johannes 17:24; Efesiërs 2:6
3. Johannes 14:16; Johannes 16:7; Handelinge 2:33; 2 Korintiërs 1:22; 2 Korintiërs 5:5
4. Kolossense 3:1; Filippense 3:20

## Sondag: 19 - VRAAG EN ANTWOORD: 50

Vraag: Waarom word daar bygevoeg: en sit aan regterhand van God?

Antwoord: Christus het na die hemel opgevaar sodat Hy Hom daar as die Hoof van sy Christelike kerk[1] kan betoon, deur wie die Vader alles regeer[2]

Skriffundering

1. Efesiërs 1:20-23; Kolossense 1:18
2. Matteus 28:18; Johannes 5:22

## Sondag: 19 - VRAAG EN ANTWOORD: 51

Vraag: Watter nut bring hierdie heerlikheid van ons Hoof Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitstort[1]. Ten tweede dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskerm en bewaar[2].

Skriffundering

1. Handelinge 2:33; Efesiërs 4:8
2. Psalm 2:9; Psalm 110:1-2; Johannes 10:28; Efesiërs 4:8

## Sondag: 19 - VRAAG EN ANTWOORD: 52

Vraag: Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om die lewendes en die dooies te oordeel?

Antwoord: Dat ek in alle droefheid en vervolging dieselfde Persoon met gespanne verwagting as Regter uit die hemel verwag[1] wat Hom tevore in my plek voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem het. Verder: dat Hy al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp[2], maar my, saam met al die uitverkorenes, na Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid saamneem[3].

Skriffundering

1. Lukas 21:28; Romeine 8:23; Filippense 3:20; 1 Tessalonisense 4:16; Titus 2:13
2. Matteus 25:41; 2 Tessalonisense 1:6; 2 Tessalonisense 1:8, 9
3. Matteus 25:34; 2 Tessalonisense 1:7; 2 Tessalonisense 1:10

## Sondag: 20 - VRAAG EN ANTWOORD: 53

Vraag: Wat glo jy van die Heilige Gees?

Antwoord: Ten eerste is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God[1]. Ten tweede is Hy ook aan my gegee[2] sodat Hy my deur 'n ware geloof deel laat kry aan Christus en al sy weldade[3], my troos[4] en ewig by my bly[5].

Skriffundering

1. Genesis 1:2; Handelinge 5:3-4; 1 Korintiërs 3:16; 1 Korintiërs 2:10; 1 Korintiërs 6:19
2. Matteus 28:19-20; 2 Korintiërs 1:22; Galasiërs 3:14; Galasiërs 4:6; Efesiërs 1:13
3. Johannes 16:13-14; 1 Korintiërs 2:12; 1 Korintiërs 6:17; Galasiërs 3:14; 1 Petrus 1:2
4. Johannes 15:26; Handelinge 9:31
5. Johannes 14:16-17; 1 Petrus 4:14

## Sondag: 21 - VRAAG EN ANTWOORD: 54

Vraag: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?

Antwoord: Dat die Seun van God[1] uit die hele menslike geslag[2] vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is[3], deur sy Gees en Woord[4] in die eenheid van die ware geloof[5] van die begin van die wêreld af tot die einde toe[6] vergader, beskerm en onderhou[7] en dat ek daarvan 'n lewende lid is[8] en ewig sal bly[9].

Skriffundering

1. Johannes 10:11; Handelinge 20:28; Efesiërs 4:11-13; Efesiërs 5:26
2. Genesis 26:4; Jesaja 49:6; Romeine 10:10-11; Openbaring 5:9

3. Psalm 111:1; Handelinge 20:28; Romeine 8:29; Efesiërs 1:10-13; Hebreërs 12:22-23; 1 Petrus 2:9
4. Jesaja 59:21; Romeine 1:16; Romeine 10:14-17; Efesiërs 5:26
5. Johannes 17:20-21; Handelinge 2:42; Efesiërs 4:3-5
6. Psalm 71:17-18; Jesaja 59:21; 1 Korintiërs 11:26
7. Psalm 129:1-5; Matteus 16:18; Johannes 10:28-30
8. Romeine 8:10; 2 Korintiërs 13:5; 1 Johannes 3:14; 1 Johannes 3:19-21
9. Psalm 23:6; Johannes 10:28; Romeine 8:35-39; 1 Korintiërs 1:8-9; 1 Petrus 1:5; 1 Johannes 2:19

## Sondag: 21 - VRAAG EN ANTWOORD: 55

Vraag: Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?

Antwoord: Ten eerste dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het[1]. Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend[2].

Skriffundering

1. Romeine 8:32; 1 Korintiërs 6:17; 1 Korintiërs 12:12-13; 1 Johannes 1:3
2. 1 Korintiërs 12:21; 1 Korintiërs 13:1; 1 Korintiërs 13:5; Filippense 2:1-8

## Sondag: 21 - VRAAG EN ANTWOORD: 56

Vraag: Wat glo jy van die vergewing van die sondes?

Antwoord:. Dat God, op grond van die voldoening van Christus, aan al my sondes en ook my sondige aard waarteen ek my lewe lank moet stry[1], nooit meer wil dink nie. Uit genade wil Hy aan my die geregtigheid van Christus skenk[2] sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie[3].

Skriffundering

1. 2 Korintiërs 5:19; 1 Johannes 1:7; 1 Johannes 2:2
2. Psalm 103:3; Psalm 103:10; Psalm 103:12; Jeremia 31:34; Miga 7:19; Romeine 7:23-25
3. Johannes 3:18; Johannes 5:24

## Sondag: 22 - VRAAG EN ANTWOORD: 57

Vraag: Watter troos gee die opstanding van die liggaam aan jou?

Antwoord: Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie[1], maar ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word[2].

Skriffundering

1. Lukas 16:22; Lukas 20:37-38; Lukas 23:43; Filippense 1:21; Filippense 1:23
2. Job 19:25-26; 1 Korintiërs 15:53-54; Filippense 3:21; 1 Johannes 3:2

## Sondag: 22 - VRAAG EN ANTWOORD: 58

Vraag: Watter troos skep jy uit die artikel van die ewige lewe?

Antwoord: Dat, aangesien ek nou alreeds die begin van die ewige vreugde in my hart ervaar[1], ek na hierdie lewe volkome saligheid sal besit - 'n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens ooit opgekom het nie - om God daarin ewig te prys[2].

Skriffundering

1. 2 Korintiërs 5:2-3
2. Johannes 17:24; 1 Korintiërs 2:9

## Sondag: 23 - VRAAG EN ANTWOORD: 59

Vraag: Maar wat baat dit jou nou dat jy dit alles glo?

Antwoord: Dat ek in Christus voor God geregverdig en 'n erfgenaam van die ewige lewe is[1]

1. Habakuk 2:4; Johannes 3:36; Romeine 1:17

## Sondag: 23 - VRAAG EN ANTWOORD: 60

Vraag: Hoe is jy regverdig voor God?

Antwoord: Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus[1], so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie[2] en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is[3], God nogtans aan my sonder enige verdienste van my kant[4], uit louter genade[5] die volkome genoegdoening[6], geregtigheid en heiligheid van Christus skenk[7]. Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het[8]. Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart aanneem[9].

Skriffundering

1. Romeine 3:21-22; Romeine 3:24; Romeine 5:1-2; Galasiërs 2:16; Efesiërs 2:8-9; Filippense 3:9
2. Romeine 3:9
3. Romeine 7:23
4. Deuteronomium 9:6; Esegiël 36:22; Romeine 4:4; 2 Korintiërs 5:19; Titus 3:5
5. Romeine 3:24; Efesiërs 2:8
6. 1 Johannes 2:2
7. 1 Korintiërs 4:7; 2 Korintiërs 5:19; Romeine 4:4; Romeine 5:17; Romeine 8:15; Romeine 8:32; 1 Johannes 2:1; 2 Petrus 1:3-4
8. 2 Korintiërs 5:21
9. Johannes 3:18; Romeine 3:22

## Sondag: 23 - VRAAG EN ANTWOORD:61

Vraag: Waarom sê jy dat jy slegs deur die geloof regverdig is?

Antwoord: Nie dat ek op grond van die waarde van my geloof vir God aanneemlik is nie, maar omdat slegs die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is[1]. En dit kan ek nie anders as slegs deur die geloof aanneem en my eie maak nie[2].

Skriffundering

1. 1 Korintiërs 1:30; 1 Korintiërs 2:2
2. 1 Johannes 5:10

## Sondag: 24 - VRAAG EN ANTWOORD: 62

Vraag: Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God of 'n deel daarvan wees nie?

Antwoord: Omdat die geregtigheid wat voor die oordeel van God kan bestaan, heeltemal volmaak moet wees en in alle opsigte met die wet van God ooreen moet stem[1] en omdat ook ons beste werke in hierdie lewe almal onvolmaak en met sondes besmet is[2].

Skriffundering

1. Deuteronomium 27:26; Galasiërs 3:10
2. Jesaja 64:6

## Sondag: 24 - VRAAG EN ANTWOORD: 63

Vraag: Verdien ons goeie werke dan niks nie, terwyl God hulle tog in hierdie en in die toekomstige lewe wil beloon?

Antwoord: Hierdie beloning word nie uit verdienste nie, maar uit genade gegee[1]

1. Lukas 17:10

## Sondag: 24 - VRAAG EN ANTWOORD: 64

Vraag: Maar maak hierdie leer nie mense onverskillig en roekeloos nie?

Antwoord: Nee, want dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie[1]

1. Matteus 7:18; Johannes 15:5

## Sondag: 25 - VRAAG EN ANTWOORD: 65

Vraag: Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof dan vandaan?

Antwoord: Die Heilige Gees werk dit in ons harte[1] deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die sakramente[2]

Skriffundering

1. Johannes 3:5; Efesiërs 2:8; Efesiërs 6:23; 1 Korintiërs 2:12; 1 Korintiërs 12:3; Filippense 1:29
2. Matteus 28:19; Romeine 10:17; Efesiërs 1:17-18; 1 Petrus 1:22-23

## Sondag: 25 - VRAAG EN ANTWOORD: 66

Vraag: Wat is sakramente?

Antwoord: Dit is heilige, sigbare tekens en seëls wat God ingestel het om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël. Hierdie belofte is dat God vanweë die enige offer van Christus wat aan die kruis volbring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk[1].

Skriffundering

1. Genesis 17:11; Levitikus 6:25; Deuteronomium 30:6; Jesaja 6:6-7; Jesaja 54:9; Esegiël 20:12; Romeine 4:11; Hebreërs 9:7-9; Hebreërs 9:24

## Sondag: 25 - VRAAG EN ANTWOORD:67

Vraag: Is die Woord en die sakramente albei daarvoor bestem om ons geloof op die offer van Christus wat aan die kruis as die enigste grond van ons saligheid te wys?

Antwoord: Ja, seker, want die Heilige Gees leer ons in die evangelie en verseker ons deur die sakramente dat ons volle saligheid op die enige offer van Christus rus, wat aan die kruis vir ons volbring is[1]

Skriffundering

1. Romeine 6:3; Galasiërs 3:27

## Sondag: 25 - VRAAG EN ANTWOORD:68

Vraag: Hoeveel sakramente het Christus in die Nuwe Verbond of Testament ingestel?

Antwoord: Twee, naamlik die heilige doop en die heilige nagmaal.

## Sondag: 26 - VRAAG EN ANTWOORD: 69

Vraag: Hoe word jy in die heilige doop daarop gewys en daarvan verseker dat die enige offer van Christus aan die kruis jou ten goede kom?

Antwoord: So: Christus het die uitwendige waterbad ingestel[1]. Daarby het Hy beloof[2] dat ek net so seker met sy bloed en Gees van die onreinheid van my siel, dit is, van al my sondes, gewas is[3] as wat ek uitwendig met die water gewas is, wat die vuilheid van die liggaam wegneem.

Skriffundering

1. Matteus 28:19
2. Matteus 3:11; Matteus 28:19; Markus 16:16; Johannes 1:33; Handelinge 2:38; Romeine 6:3-4
3. Lukas 3:3; Markus 1:4; 1 Petrus 3:21

## Sondag: 26 - VRAAG EN ANTWOORD: 70

Vraag: Wat beteken dit om met die bloed en Gees van Christus gewas te wees?

Antwoord: Dit beteken om van God vergewing van sonde uit genade te ontvang ter wille van die bloed van Christus wat Hy in sy offer aan die kruis vir ons gestort het. [1] Verder, om deur die Heilige Gees vernuwe en as lede van Christus geheilig te wees sodat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe[2]

Skriffundering

1. Esegiël 36:25; Sagaria 13:1; Hebreërs 12:24; 1 Petrus 1:2; Openbaring 1:5; Openbaring 7:14
2. Esegiël 36:26-27; Johannes 1:33; Johannes 3:5; Romeine 6:4; 1 Korintiërs 6:11; 1 Korintiërs 12:13; Kolossense 2:11-12

## Sondag: 26 - VRAAG EN ANTWOORD: 71

Vraag: Waar het Christus ons belowe dat Hy ons net so seker met sy bloed en Gees wil was as wat ons met die doopwater gewas word?

Antwoord: Met die instelling van die doop wat soos volg lui: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees..." [1]; en: "Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word"[2]. Hierdie belofte word ook herhaal waar die Skrif die doop die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes noem[3].

Skriffundering

1. Matteus 28:19
2. Markus 16:16
3. Handelinge 22:16; Titus 3:5

## Sondag: 27 - VRAAG EN ANTWOORD: 72

Vraag: Is die uitwendige, waterbad self dan die afwassing van die sonde?

Antwoord: Nee, [1] want alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes[2].

Skriffundering

1. Matteus 3:11; Efesiërs 5:26; 1 Petrus 3:21
2. 1 Korintiërs 6:11; 1 Johannes 1:7

## Sondag: 27 - VRAAG EN ANTWOORD: 73

Vraag: Waarom noem die Heilige Gees die doop dan die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes?

Antwoord: God sê dit nie sonder gewigtige redes nie. Hy wil ons naamlik daarmee leer dat die bloed en Gees van Christus ons sondes so wegneem soos die water die vuilheid van die liggaam wegneem[1]. Verder wil Hy ons veral deur hierdie Goddelike waarborg en teken verseker dat ons net so werklik geestelik van ons sondes gewas is as wat ons liggaam uitwendig met water gewas word[2].

Skriffundering

1. 1 Korintiërs 6:11; Openbaring 1:5; Openbaring 7:14
2. Markus 16:16; Galasiërs 3:27

## Sondag: 27 - VRAAG EN ANTWOORD: 74

Vraag: Moet die jong kinders ook gedoop word?

Antwoord: Ja, aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is[1]. Ook aan hulle word nie minder as aan die volwassenes deur die bloed van Christus die verlossing van die sondes[2] en die Heilige Gees wat die geloof werk, beloof nie[3]. Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word[4]. So is dit in die Ou Verbond deur die besnydenis gedoen[5] in die plek waarvan die nuwe Verbond die doop ingestel is[6].

Skriffundering

1. Genesis 17:7
2. Matteus 19:14;
3. Psalm 22:11; Jesaja 44:1-3; Lukas 1:15; Handelinge 2:39
4. Handelinge 10:47
5. Genesis 17:14
6. Kolossense 2:11-13

## Sondag: 28 - VRAAG EN ANTWOORD: 75

Vraag: Hoe word jy in die heilige nagmaal daarop gewys en daarvan verseker dat jy aan die enige offerande van Christus aan die kruis en aan al sy weldade deel het?

Antwoord: Christus het my en alle gelowiges beveel om tot sy gedagtenis van hierdie gebreekte brood te eet en van hierdie beker te drink[1]. Daarby het Hy beloof, ten eerste, dat sy liggaam so seker vir my aan die kruis geoffer en gebreek, en sy bloed vir my gestort is, as wat ek met my oë sien dat die brood van die Here vir my gebreek en die beker aan my gegee word. Ten tweede, dat Hy self my siel met sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed net so seker vir die ewige lewe voed en verkwik as wat ek die brood en die beker van die Here, as ontwyfelbare tekens van Christus se liggaam en bloed, uit die hand van die bedienaar ontvang en met die mond geniet.

Skriffundering

1. Matteus 26:26-28; Markus 14:22-24; Lukas 22:19-20; 1 Korintiërs 10:16-17; 1 Korintiërs 11:23-25; 1 Korintiërs 12:13

## Sondag: 28 - VRAAG EN ANTWOORD: 76

Vraag: Wat beteken dit om die gekruisigde liggaam van Christus te eet en sy bloed wat vergiet is, te drink?

Antwoord: Dit beteken nie slegs om met 'n gelowige hart die hele lyding en sterwe van Christus aan te neem en daardeur vergewing van sondes en die ewige lewe te verkry nie. [1] Dit beteken boonop om deur die Heilige Gees, wat tegelyk in Christus en in ons woon, al hoe meer so met sy geseënde liggaam verenig te word, [2] dat ons vlees van sy vlees en been van sy gebeente is; [3] al is Christus nou in die hemel[4] en ons op die aarde. Dit wil se dat ons deur een Gees - soos die ledemate van die liggaam deur een siel - ewig lewe en geregeer word[5]

Skriffundering

1. Johannes 6:35; Johannes 6:40; Johannes 6:47-54
2. Johannes 6:55-56
3. 1 Korintiërs 6:15; Efesiërs 3:16; Efesiërs 5:29-30; 1 Johannes 3:24; 1 Johannes 4:13
4. Handelinge 1:9-11; Handelinge 3:21; 1 Korintiërs 11:26; Kolossense 3:1
5. Johannes 6:57; Johannes 15:1-6; Efesiërs 4:15-16

## Sondag: 28 - VRAAG EN ANTWOORD: 77

Vraag: Waar het Christus beloof dat Hy die gelowiges so seker met sy liggaam en bloed sal voed en verkwik as wat hulle van hierdie gebreekte brood eet en uit hierdie beker drink?

Antwoord: By die instelling van die nagmaal wat soos volg lui: [1] "In die nag waarin Hy verraai is, het die Here Jesus brood geneem, en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: `Neem, eet, dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker ná die ete met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle van hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom"[2] Hierdie belofte word ook herhaal deur Paulus waar hy sê: "Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood"[3]

Skriffundering

1. Matteus 26:26-28; Markus 14:22-24; Lukas 22:19-20
2. (1 Korintiers11:23-26).
3. (1 Kor 10:16, 17).

## Sondag: 29 - VRAAG EN ANTWOORD: 78

Vraag: Verander die brood en wyn dan in die werklike liggaam en bloed van Christus?

Antwoord: Nee, [1] maar soos die water by die doop nie in die bloed van Christus verander of die afwassing van sonde self is nie, maar slegs 'n Goddelike teken en versekering daarvan, [2] so verander die brood by die nagmaal nie in die liggaam van Christus self nie. [3] Ooreenkomstig die aard en gebruik van die sakramente word die brood egter die liggaam van Christus genoem[4]

Skriffundering

1. Matteus 26:29
2. Efesiërs 5:26; Titus 3:5
3. 1 Korintiërs 10:16-17; 1 Korintiërs 11:26
4. Genesis 17:10-11; Eksodus 12:11; Eksodus 12:13; Eksodus 13:9; 1 Korintiërs 10:3-4; 1 Petrus 3:21

## Sondag: 29 - VRAAG EN ANTWOORD: 79

Vraag: Waarom noem Christus dan die brood sy liggaam en die beker sy bloed of die nuwe Testament in sy bloed en waarom noem Paulus dit die gemeenskap met die liggaam en bloed van Christus?

Antwoord: Daar is gewigtige redes waarom Christus so sê: Hy wil ons daarmee leer dat, soos brood en wyn die tydelike lewe onderhou, so voed sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed, as die egte voedsel en drank, ons siele vir die ewige lewe[1]. Verder wil Hy ons deur hierdie sigbare tekens en waarborge veral verseker dat ons net so seker deur die werking van die Heilige Gees aan sy ware liggaam en bloed deel kry as wat ons hierdie heilige tekens met die liggaamlike mond tot sy gedagtenis ontvang[2].

Skriffundering

1. Johannes 6:51; Johannes 6:53-55
2. 1 Korintiërs 10:16-17

## Sondag: 30 - VRAAG EN ANTWOORD: 80

Vraag: Wat is die onderskeid tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis?

Antwoord: Die nagmaal betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het, ter wille van die enige offer van Jesus Christus wat Hy self eens en vir altyd aan die kruis volbring het[1], en dat ons deur die Heilige Gees in Christus ingelyf word[2], wat nou na sy

menslike natuur in die hemel aan die regterhand van die Vader is[3] en daar deur ons aanbid wil word[4]. Die Roomse mis, daarenteen, leer dat die lewendes en die gestorwenes nie deur die lyding van Christus vergewing van sondes het nie, tensy Christus nog daagliks vir hulle deur die priesters geoffer word. Verder dat Christus liggaamlik in die brood en wyn aanwesig is en derhalwe daarin aanbid moet word. Die mis is dus in wese niks anders nie as 'n verloëning van die enige offer en lyding van Jesus Christus en 'n afgodery wat vervloek is[5].

Skriffundering

1. Matteus 26:28; Lukas 22:19-20; Johannes 19:30; Hebreërs 7:26-27; Hebreërs 9:12; Hebreërs 9:24-28; Hebreërs 10:10; Hebreërs 10:12; Hebreërs 10:14
2. 1 Korintiërs 6:17; 1 Korintiërs 10:16-17
3. Johannes 20:17; Kolossense 3:1; Hebreërs 1:3; Hebreërs 8:1
4. Lukas 24:51-52; Handelinge 7:55; Filippense 3:20; Kolossense 3:1; 1 Tessalonisense 1:10
5. Hebreërs 9:26; Hebreërs 10:12; Hebreërs 10:14

## Sondag: 30 - VRAAG EN ANTWOORD: 81

Vraag: Wie moet na die nagmaalstafel van die Here kom?

Antwoord: Hulle wat vanweë hulle sondes 'n afkeer van hulleself het, maar tog vertrou dat dit hulle om Christus wil vergewe is en dat die swakhede wat nog oor is, met sy lyding en sterwe bedek is; en die wat ook begeer om hulle geloof hoe langer hoe meer te versterk en hulle lewe te verbeter. Maar die huigelaars en die wat hulle nie van harte tot God bekeer nie, eet en drink 'n veroordeling oor hulleself[1].

Skriffundering

1. 1 Korintiërs 10:19-22; 1 Korintiërs 11:28

## Sondag: 30 - VRAAG EN ANTWOORD: 82

Vraag: Moet die mense ook aan die nagmaal toegelaat word wat met hulle Sondag: Vraag en Antwoord: en lewe wys dat hulle ongelowig en goddeloos is?

Antwoord: Nee, want so word die verbond van God ontheilig en sy toorn oor die hele gemeente opgewek[1].

Skriffundering

1. Psalm 50:16; Jesaja 1:11; Jesaja 66:3; Jeremia 7:21; 1 Korintiërs 11:20; 1 Korintiërs 11:34

## Sondag: 31 - VRAAG EN ANTWOORD: 83

Vraag: Wat is die sleutels van die koninkryk van die hemel?

Antwoord: Die verkondiging van die heilige evangelie en die Christelike tug. Met albei hierdie handelinge word die koninkryk van die hemel vir die gelowiges oopgesluit en vir die ongelowiges toegesluit[1].

Skriffundering

1. Matteus 16:18-19; Matteus 18:15-18

## Sondag: 31 - VRAAG EN ANTWOORD: 84

Vraag: Hoe word die koninkryk van die hemel deur die verkondiging van die heilige evangelie oop- en toegesluit?

Antwoord: Volgens die bevel van Christus word aan die gelowiges gesamentlik en afsonderlik verkondig en openlik betuig dat al hulle sondes hulle waarlik deur God ter wille van die verdienste van Christus vergewe is so dikwels as wat hulle die belofte van die evangelie met 'n ware geloof aanneem. Daarenteen word aan al die ongelowiges en huigelaars verkondig dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus solank hulle hulle nie bekeer nie1[1].

Skriffundering

1. Matteus 16:19; Johannes 20:21-23

## Sondag: 31 - VRAAG EN ANTWOORD: 85

Vraag: Hoe word die koninkryk deur die Christelike tug toe- en oopgesluit?

Antwoord: Volgens die bevel van Christus word die wat die naam Christen dra en tog 'n onchristelike leer huldig of hulle onchristelik gedra eers herhaalde kere broederlik vermaan. As hulle egter nie van hulle dwalinge of skandelike lewe wil afsien nie, moet dit aan die gemeente of aan die wat deur die gemeente daarvoor aangewys is, gesê word. As hulle hulle ook nie aan laasgenoemde se vermaninge steur nie, word hulle nie langer tot die heilige sakramente toegelaat nie en uit die Christelike gemeente en deur God self uit die ryk van Christus uitgesluit. Hulle word weer as lede van Christus en sy gemeente aangeneem wanneer hulle werklike verbetering beloof en bewys[1].

Skriffundering

1. Matteus 18:15-18; 1 Korintiërs 5:4-5; 1 Korintiërs 5:11; 2 Korintiërs 2:6-8; 2 Tessalonisense 3:14-15; 2 Johannes 10-11

## Sondag: 32 - VRAAG EN ANTWOORD: 86

Vraag: Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is?

Antwoord: Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys[1] dat ons God dankbaar is

vir sy weldade en Hy deur ons geprys word[2]. Verder, sodat ons vir onsself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry[3], en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen[4].

Skriffundering

1. Romeine 6:13; Romeine 12:1-2; 1 Korintiërs 6:20; 1 Petrus 2:5; 1 Petrus 2:9
2. Matteus 5:16; 1 Petrus 2:12
3. Matteus 7:17; Galasiërs 5:6; Galasiërs 5:22; 2 Petrus 1:10
4. Romeine 14:19; 1 Petrus 3:1-2

## Sondag: 32 - VRAAG EN ANTWOORD: 87

Vraag: Kan die mense dan nie salig word wat in hulle goddelose, ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie?

Antwoord: Nee, glad nie. Want die Skrif sê dat geen onkuise, afgodedienaar, egbreker, dief, gierigaard, dronkaard, lasteraar, rower en sulkes die koninkryk van God sal beërwe nie[1].

Skriffundering

1. 1 Korintiërs 6:9-10; Efesiërs 5:5-6; 1 Johannes 3:14

## Sondag: 33 - VRAAG EN ANTWOORD: 88

Vraag: Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?

Antwoord: Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens[1]

Skriffundering

1. Romeine 6:1-2; Romeine 6:4-6; 1 Korintiërs 5:7; 2 Korintiërs 7:10; Efesiërs 4:22-24; Kolossense 3:5-6; Kolossense 3:8-10

## Sondag: 33 - VRAAG EN ANTWOORD: 89

Vraag: Wat is die afsterwing van die ou mens?

Antwoord: Dit is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug[1]

Skriffundering

1. Hosea 6:1 ; Joël 2:13; Romeine 8:13

## Sondag: 33 - VRAAG EN ANTWOORD: 90

Vraag: Wat is die opstanding van die nuwe mens?

Antwoord: Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus[1] en 'n lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe[2]

Skriffundering

1. Jesaja 57:15; Romeine 5:1-2; Romeine 14:17
2. Romeine 6:10-11; Galasiërs 2:20

## Sondag: 33 - VRAAG EN ANTWOORD: 91

Vraag: Wat is goeie werke?

Antwoord: Slegs die wat uit 'n ware geloof, [1] volgens die Wet van God, [2] tot sy eer gedoen word, [3] en nie die wat op ons goeddunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie, [4]

Skriffundering

1. Romeine 14:23
2. Levitikus 18:4; 1 Samuel 15:22; Efesiërs 2:10
3. 1 Korintiërs 10:31
4. Jesaja 29:13-14; Esegiël 20:18-19; Matteus 15:7-9

## Sondag: 34 - VRAAG EN ANTWOORD: 92

Vraag: Hoe lui die Wet van die Here?

Antwoord: God het al hierdie gebooie aangekondig

Toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê: Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.

1. Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.
2. Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is ‘n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou.
3. Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.
4. Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.
5. Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.
6. Jy mag nie doodslaan nie.

7. Jy mag nie egbreek nie.
8. Jy mag nie steel nie.
9. Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.
10. Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie

## Sondag: 34 - VRAAG EN ANTWOORD: 93

Vraag: Hoe word hierdie gebooie ingedeel?

Antwoord: In twee tafels[1], waarvan die eerste in vier gebooie ons leer hoe ons ons teenoor God moet gedra, die tweede in ses gebooie, wat ons aan ons naaste verskuldig is[2].

Skriffundering

1. Eksodus 31:18; Eksodus 34:28; Deuteronomium 4:13; Deuteronomium 10:3-4
2. Matteus 22:37-40

## Sondag: 34 - VRAAG EN ANTWOORD: 94

Vraag: Wat gebied God in die eerste gebod?

Antwoord: Ek moet ter wille van my siele heil en saligheid alle afgodery[1], towery, waarsêery, bygeloof[2], aanroeping van heiliges of ander skepsels[3], vermy en daarvan wegvlug. Ek moet die enige ware God reg leer ken[4], Hom alleen vertrou[5], my slegs aan Hom met alle nederigheid[6] en geduld onderwerp[7] en van Hom alleen alle goeie dinge verwag[8]. Ek moet Hom met my hele hart liefhê[9], vrees[10] en eer[11]. Sodoende sien ek eerder van alle skepsels af as om in die minste teen sy wil te handel[12].

Skriffundering

1. 1 Korintiërs 6:10; 1 Korintiërs 10:7; 1 Korintiërs 10:14; 1 Johannes 5:21
2. Levitikus 19:31; Deuteronomium 18:9-12
3. Matteus 4:10; Openbaring 19:10; Openbaring 22:8-9
4. Johannes 17:3
5. Jeremia 17:5; Jeremia 17:7
6. 1 Petrus 5:5
7. Romeine 5:3-5; 1 Korintiërs 10:10; Filippense 2:14; Kolossense 1:11; Hebreërs 10:36
8. Psalm 104:27-28; Jesaja 45:7; Jakobus 1:17
9. Deuteronomium 6:5; Matteus 22:37
10. Deuteronomium 6:2; Psalm 111:10; Spreuke 1:7; Spreuke 9:10; Matteus 10:28
11. Deuteronomium 10:20; Matteus 4:10
12. Matteus 5:29-30; Matteus 10:37-39; Handelinge 5:29

## Sondag: 34 - VRAAG EN ANTWOORD: 95

Vraag: Wat is afgodery?

Antwoord: Dit is om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar, het, of naas Hom iets anders uit te dink of te hê waarop jy jou vertroue stel[1].

Skriffundering

1. 1 Kronieke 16:26; Jesaja 44:15-17; Johannes 5:22; Galasiërs 4:8; Efesiërs 2:12; Efesiërs 5:5; Filippense 3:19; 1 Johannes 2:23; 2 Johannes:9

## Sondag: 35 - VRAAG EN ANTWOORD: 96

Vraag: Wat eis God in die tweede gebod?

Antwoord: Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie[1] en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie[2].

Skriffundering

1. Deuteronomium 4:15-16; Jesaja 40:18-19; Jesaja 40:25; Handelinge 17:29; Romeine 1:22-25
2. Deuteronomium 12:29-32; 1 Samuel 15:23; Matteus 15:9

## Sondag: 35 - VRAAG EN ANTWOORD: 97

Vraag: Mag ons dan glad nie beelde maak nie?

Antwoord: God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie[1]. Die skepsels mag wel afgebeeld word, maar God verbied dat ons van hulle afbeeldings maak en besit om dit te vereer en Hom daardeur te dien[2]

Skriffundering

1. Jesaja 40:25
2. Eksodus 23:24; Eksodus 34:13-17; Numeri 33:51-52; Deuteronomium 12:3-4

## Sondag: 35 - VRAAG EN ANTWOORD: 98

Vraag: Mag ons beelde as "boeke van die leke" in die kerkgebou toelaat?

Antwoord: Nee, want ons moet nie wyser as God wil wees nie. Hy wil sy Christene nie deur stom beelde nie, [1] maar deur die lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig[2]

Skriffundering

1. Jeremia 10:8; Habakuk 2:18-19
2. Romeine 10:14-17; 2 Timoteus 3:16-17; 2 Petrus 1:19

## Sondag: 36 - VRAAG EN ANTWOORD: 99

Vraag: Wat eis die derde gebod?

Antwoord: Ons mag die Naam van God nie laster of misbruik deur te vloek[1], deur 'n valse eed[2] of deur onnodig te sweer nie[3]. Verder mag ons nie deur stil te bly of dit toe te laat ons

aan sulke verskriklike sondes skuldig maak nie[4]. Kortom, ons mag die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie[5], sodat Hy deur ons reg bely[6], aangeroep[7] en in al ons woorde en werke geprys word[8].

Skriffundering

1. Levitikus 24:15-16
2. Levitikus 19:12
3. Matteus 5:37; Jakobus 5:12
4. Levitikus 5:1; Spreuke 29:24
5. Jesaja 45:23; Jeremia 4:2
6. Matteus 10:32; Romeine 10:9-10
7. Psalm 50:15; 1 Timoteus 2:8
8. Romeine 2:24; Kolossense 3:17; 1 Timoteus 6:1

## Sondag: 36 - VRAAG EN ANTWOORD: 100

Vraag: Is dit dan so 'n groot sonde om die Naam van God te laster deur te sweer en te vloek dat God Hom ook oor elkeen vertoorn wat hierdie sonde nie sover moontlik teëgaan en verbied nie?

Antwoord: Ja, seker, [1] want geen sonde is groter en vertoorn God meer as die lastering van sy Naam nie. Daarom het Hy ook beveel om dit met die dood te straf[2]

Skriffundering

1. Levitikus 5:1; Spreuke 29:24
2. Levitikus 24:16

## Sondag: 37 - VRAAG EN ANTWOORD: 101

Vraag: Mag 'n mens ook godvresend by die Naam van God 'n eed sweer?

Antwoord: Ja, as die owerheid dit van sy onderdane eis of as die nood dit vereis om daardeur trou en waarheid te bevestig. Dit moet dan tot eer van God en tot heil van ons naaste gedoen word. Sodanige eedswering is op die Woord van God gegrond[1], en die gelowiges in die Ou en Nuwe Verbond het dit reg gebruik[2].

Skriffundering

1. Deuteronomium 6:13; Deuteronomium 10:20; Jesaja 48:1; Hebreërs 6:16
2. Genesis 21:24; Genesis 31:53; Josua 9:15; 1 Samuel 24:22-23; 2 Samuel 3:35; 1 Konings 1:29-30; Romeine 1:9; Romeine 9:1; 2 Korintiërs 1:23

## Sondag: 37 - VRAAG EN ANTWOORD: 102

Vraag: Mag 'n mens ook by die heiliges of by ander skepsels sweer?

Antwoord: Nee, want om 'n regte eed te sweer, beteken dat ek God aanroep as die enigste kenner van die hart om vir die waarheid getuienis te gee en my te straf as ek vals sweer[1]. Hierdie eer kom geen skepsel toe nie[2].

Skriffundering

1. Romeine 9:1; 2 Korintiërs 1:23
2. Matteus 5:34-36; Jakobus 5:12

## Sondag: 38 - VRAAG EN ANTWOORD:103

Vraag: Wat gebied God in die vierde gebod?

Antwoord: God wil Ten eerste dat die Woordbediening en die skole in stand gehou word[1]. Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom[2] om die Woord van God te hoor[3], die sakramente te gebruik[4], die Here openlik aan te roep[5] en die Christelike liefdegawes te gee[6]. Ten tweede moet ek elke dag van my lewe van my bose werke rus, en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe[7].

Skriffundering

1. 1 Korintiërs 9:13-14; 2 Timoteus 2:2; 2 Timoteus 3:14-15; Titus 1:5
2. Levitikus 23:2-3; Psalm 40:10-11; Psalm 68:27; Psalm 122:1; Handelinge 2:42
3. 1 Korintiërs 14:1; 1 Korintiërs 14:3; 1 Korintiërs 14:29; 1 Timoteus 4:13; Openbaring 1:3
4. Handelinge 20:7; 1 Korintiërs 11:33
5. 1 Korintiërs 14:16; 1 Timoteus 2:1-4
6. Deuteronomium 15:11; 1 Korintiërs 16:2
7. Jesaja 66:23; Hebreërs 4:9-10

## Sondag: 39 - VRAAG EN ANTWOORD: 104

Vraag: Wat eis God in die vyfde gebod?

Antwoord: Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp[1]. Ook moet ek met hulle gebreke geduld hê[2], omdat God ons deur hulle wil regeer[3].

Skriffundering

1. Eksodus 21:17; Spreuke 1:8; Spreuke 4:1; Spreuke 15:20; Spreuke 20:20; Romeine 13:1; Efesiërs 5:22; Efesiërs 6:1-2; Efesiërs 6:5; Kolossense 3:18; Kolossense 3:20; Kolossense 3:22
2. Spreuke 23:22; 1 Petrus 2:18
3. Matteus 22:21; Romeine 13:2-3; Efesiërs 6:4; Efesiërs 6:9; Kolossense 3:20

## Sondag: 40 - VRAAG EN ANTWOORD: 105

Vraag: Wat eis God in die sesde gebod?

Antwoord: Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare doen nie en nog minder met die daad[1]. Ek moet alle wraaksug laat vaar[2]. Ek mag ook myself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie[3]. Daarom dra die owerheid die swaard om doodslag te weer[4].

Skriffundering

1. Genesis 9:6; Matteus 5:21-22; Matteus 26:52
2. Matteus 5:25; Matteus 18:35; Romeine 12:19; Efesiërs 4:26
3. Matteus 4:7; Romeine 13:14; Kolossense 2:23
4. Genesis 9:6; Eksodus 21:14; Romeine 13:4

## Sondag: 40 - VRAAG EN ANTWOORD: 106

Vraag: Praat hierdie gebod net van doodmaak?

Antwoord: Deur doodmaak te verbied, leer God ons dat Hy die wortel daarvan, soos afguns[1], haat[2], woede[3] en wraaklus verafsku. Dit alles is vir Hom heimlike moord[4].

Skriffundering

1. Psalm 37:8; Spreuke 14:30; Romeine 1:29
2. 1 Johannes 2:11
3. Galasiërs 5:19-21; Jakobus 1:20
4. 1 Johannes 3:15

## Sondag: 40 - VRAAG EN ANTWOORD: 107

Vraag: Het ons die gebod gehoorsaam as ons maar net nie ons naaste doodmaak, soos hierbo gesê is nie?

Antwoord: Nee, terwyl God afguns, haat en woede verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself[1]. Ons moet teenoor hom geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees[2], alles wat hom kan benadeel, sover moontlik probeer voorkom[3] en selfs aan ons vyande goed doen[4].

Skriffundering

1. Matteus 7:12; Matteus 22:39; Romeine 12:10
2. Matteus 5:5; Matteus 5:7; Lukas 6:36; Romeine 12:18; Galasiërs 6:1-2; Efesiërs 4:1-3; Kolossense 3:12; 1 Petrus 3:8
3. Eksodus 23:5
4. Matteus 5:44-45; Romeine 12:20

## Sondag: 41 - VRAAG EN ANTWOORD: 108

Vraag: Wat leer die sewende gebod ons?

Antwoord: Alle onkuisheid is deur God vervloek[1], en daarom moet ons dit hartgrondig haat[2]. Daarenteen moet ons kuis en ingetoë lewe[3] sowel binne as buite die huwelik[4].

Skriffundering

1. Levitikus 18:28
2. Maleagi 2:16
3. 1 Tessalonisense 4:3-5
4. 1 Korintiërs 7:7-11; Hebreërs 13:4; Judas:23

## Sondag: 41 - VRAAG EN ANTWOORD: 109

Vraag: Verbied God in hierdie gebod niks meer as net egbreuk en sulke skandes nie?

Antwoord: Omdat beide, ons liggaam en siel, 'n tempel van die Heilige Gees is, wil God dat ons altwee rein en heilig bewaar. Daarom verbied hy alle onkuise dade, gebare, woorde[1], gedagtes, luste[2] en alles wat 'n mens daartoe kan verlei[3].

Skriffundering

1. 1 Korintiërs 6:18-19; Efesiërs 5:3-4
2. Deuteronomium 22:20-29; Matteus 5:27-28
3. 1 Korintiërs 15:33; Efesiërs 5:18

## Sondag: 42 - VRAAG EN ANTWOORD: 110

Vraag: Wat verbied God in die agste gebod?

Antwoord: God verbied nie slegs die diefstal[1] en roof[2] wat die owerheid straf nie, maar Hy beskou ook as diefstal al die skelmstreke en liste waardeur ons probeer om ons naaste se besittings in die hande te kry[3]. Dit kan gebeur met geweld of 'n skyn van reg, soos deur die vervalsing van gewigte, lengtemaat, inhoudsmaat, goedere[4], geld, deur woeker[5] of enige middel wat God verbied. Hy verbied ook alle gierigheid[6] en alle misbruik en verkwisting van sy gawes[7].

Skriffundering

1. 1 Korintiërs 6:10
2. Levitikus 19:13; 1 Korintiërs 5:10
3. Lukas 3:14; 1 Tessalonisense 4:6
4. Deuteronomium 25:13-15; Spreuke 11:1; Spreuke 16:11; Esegiël 45:9-10
5. Psalm 15:5; Lukas 6:35
6. 1 Korintiërs 6:10
7. Spreuke 21:20; Spreuke 23:20-21

## Sondag: 42 - VRAAG EN ANTWOORD: 111

Vraag: Maar wat gebied God jou in hierdie gebod?

Antwoord: Ek moet die belange van my naaste, waar ek kan en mag, bevorder en hom so behandel soos ek wil hê dat hy my moet behandel[1]. Daarby moet ek ook my werk getrou doen, sodat ek die behoeftiges in hulle nood kan help[2]

Skriffundering

1. Matteus 7:12
2. Efesiërs 4:28

## Sondag: 43 - VRAAG EN ANTWOORD: 112

Vraag: Wat eis die negende gebod?

Antwoord: Ek mag teen niemand valse getuienis aflê[1], niemand se woorde verdraai[2], nie 'n kwaadsteker of lasteraar wees nie[3], niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie[4], Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel[5] se eie werke vermy as ek nie die sware toorn van God oor my wil bring[6] nie. In regsake en in alle ander handelinge moet ek die waarheid liefhê, en opreg wees in wat ek sê en bely[7]. My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder[8].

Skriffundering

1. Spreuke 19:5; Spreuke 19:9; Spreuke 21:28
2. Psalm 15:3
3. Psalm 50:19-20; Romeine 1:30
4. Matteus 7:1-2; Lukas 6:37
5. Johannes 8:44
6. Spreuke 12:22; Spreuke 13:5
7. 1 Korintiërs 13:6; Efesiërs 4:25
8. 1 Petrus 4:8

## Sondag: 44 - VRAAG EN ANTWOORD: 113

Vraag: Wat eis die tiende gebod van ons?

Antwoord: Selfs die geringste begeerte of gedagte teen enige gebod van God mag nooit in ons hart opkom nie. Ons moet altyd en heelhartig vyande van alle sonde wees en 'n begeerte tot alle geregtigheid hê[1].

1. Romeine 7:7

## Sondag: 44 - VRAAG EN ANTWOORD: 114

Vraag: Maar kan die wat tot God bekeer is, hierdie gebooie volmaak gehoorsaam?

Antwoord: Nee, want selfs die allerheiligstes het, solank hulle in hierdie lewe is, nog maar 'n geringe begin van hierdie gehoorsaamheid[1], maar tog so dat hulle met 'n ernstige voorneme begin om nie alleen volgens sommige nie, maar volgens al die gebooie van God te lewe[2].

Skriffundering

1. Prediker 7:20; Romeine 7:14-15; 1 Korintiërs 13:9; 1 Johannes 1:8; 1 Johannes 1:10
2. Psalm 1:2; Romeine 7:22; 1 Johannes 2:3

## Sondag: 44 - VRAAG EN ANTWOORD: 115

Vraag: Waarom laat God die Tien Gebooie dan so streng aan ons voorhou as niemand dit tog in hierdie lewe kan onderhou nie?

Antwoord: Ten eerste sodat ons gedurende ons hele lewe ons sondige natuur hoe langer hoe beter kan leer ken[1], en met groter verlange na die vergewing van sondes en na die geregtigheid in Christus kan soek[2]. Ten tweede moet ons ons sonder ophou beywer en God om die genade van die Heilige Gees bid, sodat ons altyd meer en meer na die ewebeeld van God vernuwe mag word totdat ons na hierdie lewe die volmaaktheid as doel bereik[3].

Skriffundering

1. Psalm 32:5; Romeine 3:20; 1 Johannes 1:9
2. Matteus 5:6; Romeine 7:24-25
3. 1 Korintiërs 9:24; Filippense 3:12-14

## Sondag: 45 - VRAAG EN ANTWOORD: 116

Vraag: Waarom is die gebed vir die Christene nodig?

Antwoord: Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis[1]: En omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank[2].

Skriffundering

1. Psalm 50:14-15
2. Matteus 7:7-8; Lukas 11:9-10; Lukas 11:13; 1 Tessalonisense 5:17-18

## Sondag: 45 - VRAAG EN ANTWOORD: 117

Vraag: Hoe moet 'n gebed wees wat God behaag en deur Hom verhoor word?

Antwoord: Ten eerste moet ons alleen die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het[1], van harte aanroep[2] vir alles waarvoor Hy ons beveel het om te bid[3]. Ten tweede moet ons ons nood en ellende reg en grondig ken[4] sodat ons ons voor sy majesteit kan verootmoedig[5]. Ten derde het ons hierdie vaste grond[6] dat Hy ons gebed, hoewel ons dit nie verdien nie, tog ter wille van die Here Christus sekerlik wil verhoor[7] soos Hy dit vir ons in sy Woord beloof het[8].

Skriffundering

1. Johannes 4:22-24; Openbaring 19:10
2. Psalm 145:18; Johannes 4:24
3. Romeine 8:26; Jakobus 1:5; 1 Johannes 5:14
4. 2 Kronieke 20:12; Psalm 143:2
5. Psalm 2:11; Psalm 34:19; Jesaja 66:2
6. Romeine 8:15-17; Romeine 10:14; Jakobus 1:6
7. Daniël 9:17-19; Johannes 14:13-14; Johannes 15:16; Johannes 16:23
8. Psalm 27:8; Psalm 143:1; Matteus 7:8

## Sondag: 45 - VRAAG EN ANTWOORD: 118

Vraag: Wat het God ons beveel om van Hom te bid?

Antwoord: Alle geestelike en liggaamlike behoeftes wat Christus saamgevat het, in die gebed wat Hy self aan ons geleer het[1]

Skriffundering

1. Matteus 6:33; Jakobus 1:17

## Sondag: 45 - VRAAG EN ANTWOORD: 119

Vraag: Hoe lui hierdie gebed?

Antwoord: Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

## Sondag: 46 - VRAAG EN ANTWOORD: 120

Vraag: Waarom het Christus ons beveel om God as ons Vader aan te spreek?

Antwoord: Sodat Hy heel aan die begin van ons gebed in ons die kinderlike vrees en vertroue op God sal wek. Dit moet die grond van ons gebed wees, naamlik dat God deur Christus ons Vader geword het, en dat Hy ons veel minder dit wat ons van Hom in die geloof bid, sal weier as wat ons vaders aardse dinge ons ontsê[1].

Skriffundering

1. Matteus 7:9-11; Lukas 11:11-13

## Sondag: 46 - VRAAG EN ANTWOORD: 121

Vraag: Waarom word hier bygevoeg: wat in die hemel is?

Antwoord: Sodat ons van die hemelse majesteit van God nie aards moet dink nie[1] en van sy almag alles verwag wat ons vir liggaam en siel nodig het[2].

Skriffundering

1. Jeremia 23:23-24; Handelinge 17:24-25; Handelinge 17:27
2. Romeine 10:12

## Sondag: 47 - VRAAG EN ANTWOORD: 122

Vraag: Wat is die eerste bede?

Antwoord: Laat u Naam geheilig word. Dit is: Gee allereers dat ons U reg ken[1] en dat ons U heilig, roem en prys in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid so skitter. [2] Gee verder dat ons ons hele lewe, gedagtes, woorde en werke daarop sal rig dat u Naam nie om ons ontwil gelaster nie, maar geëer en geprys word[3]

Skriffundering

1. Psalm 119:105; Jeremia 9:24; Jeremia 31:33-34; Matteus 16:17; Johannes 17:3; Jakobus 1:5
2. Eksodus 34:6-7; Psalm 119:137-138; Psalm 145:8, 9; Jeremia 31:3; Lukas 1:46-47; Lukas 1:68-69; Romeine 11:33
3. Psalm 71:8; Psalm 115:1; Matteus 5:16

## Sondag: 48 - VRAAG EN ANTWOORD: 123

Vraag: Wat is die tweede bede?

Antwoord: Laat u koninkryk kom. Dit is: Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp[1]. Bewaar u kerk en laat dit groei[2]. Vernietig die werke van die duiwel, elke mag wat teen U opstaan, en alle kwaadwillige planne wat teen u heilige Woord bedink word[3], totdat die volkomenheid van u ryk kom[4] waarin U alles in almal sal wees[5].

Skriffundering

1. Psalm 119:5; Psalm 143:10; Matteus 6:33
2. Psalm 51:20; Psalm 122:6-7
3. Romeine 16:20; 1 Johannes 3:8
4. Romeine 8:22-23; Openbaring 22:20
5. 1 Korintiërs 15:28

## Sondag: 49 - VRAAG EN ANTWOORD: 124

Vraag: Wat is die derde bede?

Antwoord: Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Dit is: Gee dat ons en alle mense ons eie wil prysgee[1] om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëpratery gehoorsaam te wees[2], sodat elkeen sy amp en beroep net so gewillig en getrou kan beoefen en uitvoer[3] soos die engele in die hemel[4].

Skriffundering

1. Matteus 16:24; Titus 2:11-12
2. Lukas 22:42; Romeine 12:2; Efesiërs 5:10
3. 1 Korintiërs 7:24
4. Psalm 103:20-21

## Sondag: 50 - VRAAG EN ANTWOORD: 125

Vraag: Wat is die vierde bede?

Antwoord: Gee ons vandag ons daaglikse brood. Dit is: Versorg ons met alles wat vir die liggaam nodig is[1], sodat ons daardeur erken dat U die enigste Bron is van alles wat goed is[2], en dat al ons sorge en arbeid en ook u gawes sonder u seën ons nie kan baat nie[3]. Gee daarom dat ons ons vertroue van alle skepsele aftrek, en op U alleen stel[4].

Skriffundering

1. Psalm 104:27-28; Psalm 145:15-16; Matteus 6:25-26
2. Handelinge 14:17; Handelinge 17:27; Jakobus 1:17
3. Deuteronomium 8:3; Psalm 37:3-6; Psalm 37:16; Psalm 127:1-2; 1 Korintiërs 15:58
4. Psalm 55:23; Psalm 62:11; Psalm 146:3; Jeremia 17:5; Jeremia 17:7

## Sondag: 51 - VRAAG EN ANTWOORD: 126

Vraag: Wat is die vyfde bede?

Antwoord: Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe. Dit is: Reken ons, arme sondaars, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus, nie toe nie[1]. Ons bid dit van U omdat ons hierdie bewys van u genade in ons vind: dat ons die ernstige voorneme het om ons naaste van harte te vergewe[2].

Skriffundering

1. Psalm 51:3; Psalm 143:2; Romeine 8:1; 1 Johannes 2:1
2. Matteus 6:14-15; Matteus 18:35

## Sondag: 52 - VRAAG EN ANTWOORD: 127

Vraag: Wat is die sesde bede?

Antwoord: En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Dit is: Ons is in onsself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie. [1] Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel, [2] die wêreld[3] en ons eie sondige natuur, [4] nie op om ons aan te val nie. Wil U ons

tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelik stryd nie beswyk[5] nie, totdat ons eindelik die oorwinning volkome behaal[6].

Skriffundering

1. Psalm 103:14-16; Johannes 15:5
2. Efesiërs 6:12; 1 Petrus 5:8
3. Johannes 15:19
4. Romeine 7:23; Galasiërs 5:17
5. Matteus 26:41; Markus 13:33; 1 Korintiërs 10:12-13
6. 1 Tessalonisense 3:13; 1 Tessalonisense 5:23

## Sondag: 52 - VRAAG EN ANTWOORD: 128

Vraag: Hoe sluit jy jou gebed af?

Antwoord: Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Dit is: Ons bid dit alles van U omdat U as ons Koning, wat mag oor alles het, ons alle goeie dinge wil en kan gee[1] sodat daardeur nie ons nie, maar u heilige Naam ewig geprys sal word[2].

Skriffundering

1. 1 Kronieke 29:10-12; Romeine 10:11-13; 2 Petrus 2:9
2. Psalm 115:1; Jeremia 33:8-9; Johannes 14:13

## Sondag: 52 - VRAAG EN ANTWOORD: 129

Vraag: Wat beteken die woord Amen?

Antwoord: Amen wil sê: Dit is waar en seker. Want my gebed is baie sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart voel dat ek dit van Hom begeer[1]

Skriffundering

1. 2 Korintiërs 1:20; 2 Timoteus 2:13